

GELEENTHEDE BESTAAN OM AFTREE-KOFFER TE BESKERM

Kry nou kapitaalgroei en betaal eers later belasting

Die onlangse artikel van Max van der Wath, finansiële beplanner by PSG Konsult, oor belasting by aftrede het heelwat reaksie van lesers gelok. Veral die stelling dat geen belasting op 'n geldmarkbelegging betaal is as dit deel vorm van 'n aftree-annuïteit nie, het die aandag getrek. In dié artikel gee Van der Wath groter helderheid oor die kwessie.

Die koste van sosiaal-maatskaplike voordele word elke jaar duurder vir die Suid-Afrikaanse Regering en gevolglik is daar verskeie maatreëls getref om individue aan te moedig om vir hul eie aftrede te spaar. Deur versigtig te beplan kan jy op die koop toe duisende rand aan inkomstebelasting bespaar. Die belangrikste beginsels en toegewings wat benut moet word is die volgende: Belasting word uitgestel na 'n toekomstige datum. Die voordeel wat jy behaal is dat jy nou kapitaalgroei kry op uitgestelde belasting. Hoe werk dit in die praktyk?

Belegger A

Kom ons aanvaar dat Belegger A wat nou 66 jaar oud is het tans R500,000 in 'n Geldmarkrekening en dat die opbrengskoers op 'n Geldmarkrekening tans 8% beloop. Ons aanvaar verder dat Belegger A 'n jaarlikse pensioen van R240,000 ontvang en ons laat mediese uitgawes buite rekening. Die rentevrystelling vir persone ouer as 65 is tans R30,000. Die renteopbrengs teen 8% op R500,000 is R40,000 per jaar. Die bedrag wat dus by bruto inkomste ingesluit word – die belasbare rente is dus – R10,000. Belegger A se belasbare inkomste is dus die R240,000 pensioen wat ontvang word plus die R10,000 belasbare rente-inkomste, dus R250,000. Die belasting betaalbaar op R250,000 word soos volg berekening volgens die 2010 belastingtabel van toepassing op individue: R43,260 plus 30% van die bedrag bo R210,000 dus $(R250,000 \text{ min } R210,000) \times 30\% = R40,000 \times 30\% = R12,000$. Die belasting betaalbaar voor kortings is dus $R43,260 + R12,000 = R55,260$. Hiervan moet afgetrek word die korting van persone ouer as 65 naamlik R15,156. Die belasting betaalbaar is dus $R55,260 \text{ min } R15,156 = R40,104$. Belegger A se gemiddelde belastingkoers is dus $R40,104/R290,00 = 13,83\%$ en sy marginale belastingkoers is dus 30%.

Belegger B

Belegger B het presies dieselfde pensioeninkomste van R240,000 en R500,000 in 'n Geldmarkrekening en die opbrengskoers is steeds 8%. Belegger B win egter finansiële advies in en plaas R36,000 oor na 'n aftree-annuïteit. Die belastingberekening word soos volg geraak. Die bydrae tot die aftree-annuïteit is aftrekbaar van belasting beperk tot 15% van nie-pensioengefundeerde inkomste (artikel 11(n)(aa)) van die Inkomstebelastingwet. Die belasbare rente-opbrengs verminder soos volg: $R500,000 \text{ min } R36,000 =$

$R464,000 \times 8\% = R37,120$. Belegger B se belasbare rente is dus nou $R37,120$ min die rentevrystelling van $R30,000 = R7,120$. Belegger B se belasbare pensioeninkomste verminder ook weens die aftree-annuïteit bydrae en is dus nou $R240,000$ min $R36,000 = R204,000$. Die totale belasbare inkomste is dus nou $R204,000$ plus $R7,120 = R211,120$ teenoor die belasbare inkomste van Belegger A van $R250,000$. Die belasting volgens die 2010 tabel inaggenome kortings is dus nou $R28,440$. Die besparing in belasting in Jaar 1 is dus $R40,104$ min $R28,440 = R11,664$. Dit is 'n aansienlike besparing en let wel, Belegger B het steeds $R500,000$ op belegging: $R464,000$ direk in 'n Geldmarkrekening en $R36,000$ binne die aftree-annuïteit.

Vrystelling

Benut die vrystelling ten opsigte van Inkomstebelasting en Kapitaalwinsbelasting wat van toepassing is op aftreefondse. Pensioenfondse, voorsorgfondse, en uittredingsannuïteitsfondse word ingevolgd die Wet op Belasting op Uittreefondse (No.38 van 1996) belas. Hierdie Wet is egter met ingang van 1 Maart 2007 afgeskaf. Die gevolg van die afskaffing is dat beleggers se kapitaal binne 'n aftreefonds geen belasting aantrek ten opsigte van rente of buitelandse dividende nie en geen Kapitaalwins is binne die aftreefonds betaalbaar indien u byvoorbeeld winste wil neem op 'n aandele-effektetrustfonds nie.

Indien belegger A in ons voorbeeld hierbo 30% belasting moet betaal op die rente-inkomste van 8% op die belegging van $R36,000$ in 'n Geldmarkrekening sal sy kapitaal na 5 jaar $R47,273.97$ wees. Belegger B se onbelaste opbrengs op die rente-inkomste teen 8% op sy belegging van $R36,000$ binne die aftree-annuïteit met 'n Geldmarkfonds as onderliggende belegging sal $R52,895.81$ wees. Die addisionele opbrengs is $R5,621.84$ wat aansienlik meer is. Belegger B kan aanhou met hierdie proses, selfs na ouderdom 70, totdat hy werklik hierdie inkomste benodig om van te leef. Al wat hy/sy moet doen om die inkomste te ontvang is om af te tree uit die aftree-annuïteitsfonds. Een derde kan as 'n enkelbedrag geneem word en afhangend van die die belegger se geskiedenis kan 'n groot deel daarvan belastingvry wees of teen 'n laer koers as 30% belas word, en met die oorblywende twee-derdes kan 'n lewende annuïteit aangekoop word waaruit 'n inkomste volgens behoefte onttrek kan word (tussen 2,5% en 17,5% van die kapitaal kan jaarlikse as inkomste getrek word). Die belegger sal slegs belasting betaal op die gedeelte wat hy jaarliks uit die lewende annuïteit onttrek.

Benewens die belastingbesparing is daar ook ander voordele. Een daarvan is dat die kapitaal nie deel vorm van die belegger se boedel vir boedelbelastingdoeleindes nie. Tweedens kan die belegger ook 'n begunstigde nomineer en daar sal dus ook geen eksekuteursfooie van toepassing wees wanneer die kapitaal aan die erfgenaam oorgedra word nie.

Elke toegewing het egter ook dikwels nadele. Daar is twee aspekte wat in sekere gevalle nadelig kan wees. Ten eerste moet kontantvloei deeglik ondersoek word. Dit dien geen doel om kapitaal wat u binnekort mag nodig hê in 'n aftreefonds te plaas nie aangesien dit tyd neem om dit weer daar uit te kry. Die kapitaal wat u soos hierbo uiteengesit struktureer moet ten doel hê om aan u 'n aftree-inkomste te voorsien. Tweedens moet u let op die koste van die transaksie. Dit dien geen doel om belasting te bespaar en dan bloot die duur kostes aan 'n finansiële beplanner of produkverskaffer te betaal nie. Effektetrustgebaseerde aftree-annuïteite wat deur Effektetrustbestuursmaatskappye voorsien word en die beginsel van lae bestuursfooie vir lae risiko beleggings moet toegepas word.